# Les 5 God gebruik ons in sy diens. Ons gebruik God nie vir ons begeertes nie.

**1.Die Here maak ons sy dienaars.**

Verlede week het ons gesien die Here stel ons aan om die aarde te bewerk. Ons is sy dienaars wat Hy gebruik om die aarde te bewerk.

Dit is hoekom ons die beeld van die Here is. Hy maak ons soos Hy ons wil hê en dan gebruik God ons waarvoor Hy ons as mense nodig het.

Wanneer God ons gebruik waarvoor Hy ons nodig het, dan is ons God se beeld: Hy maak ons met gawes om ons te kan gebruik soos Hy ons wil gebruik om die aarde te bewerk.

**2.Ons kan ons goed gebruik waarvoor ons dit nodig het.**

Kom ons kyk weer na die beeldjie van Timoun.

Hierdie beeldjie van Timoun is my beeldjie. Hy behoort aan my. Ons het al gesien die belangrike plek om na te kyk wanneer ek sê hierdie beeldjie van Timoun is myne, is na my hand.

Wanneer jy na my hand kyk, dan sien jy ek hou my beeldjie vas in my hand. Dit is myne omdat ek dit in my hand vashou. Maar wanneer jy na Timoun se gesiggie kyk, kan jy deurmekaar raak wanneer ek sê dit is my beeld, want dan kan jy maklik verkeerd verstaan dat ek soos Timoun lyk

Hierdie beeldjie van Timoun is myne! Waarvoor kan ek hierdie beeldjie gebruik?

Hierdie beeldjie van Timoun is eintlik ’n koppie met sy gesiggie op. So! Ek kan hierdie beeldjie van Timoun gebruik om koffie te drink. Want dit is my beeldjie en ek kan dit gebruik waarvoor ek dit nodig het.

Waarvoor kan ek dit nog nodig hê en voor gebruik?

Ek kan dit gebruik om verf aan te maak om mee te verf! Ek kan dit gebruik om olie op te vang as ek die kar se olie aftap! Ek kan dit gebruik om water aan te dra om blomme nat te gooi.

Ek kan dit ook as ’n gewig gebruik om op papiere te sit dat die papiere nie so rondwaai nie. Ek kan dit gebruik as ’n ornament en sommer so in die sitkamer sit net om mooi te lyk.

Omdat dit my beeldjie is, kan ek dit gebruik net waarvoor ek wil.

**3.Die Here gebruik sy dienaars en sy dienaars luister na Hom.**

Wat doen ’n dienaar van die Here as die Here hom gebruik?

Kyk hoe wys Ps.119 vir ons wat doen dienaars as hulle gebruik word: [124]Handel met my volgens u troue liefde, leer my u voorskrifte. [125]Ek is u dienaar: onderrig my

tog in u verordeninge.… [127]Ek het u gebooie liewer as goud, as fyn goud.
[128]Daarom leef ek nougeset volgens al u bevele en haat ek elke verkeerde pad.
[129]U verordeninge is wonderlik, daarom kom ek hulle na."

'n Dienaar doen wat sy eienaar vir hom sê wat om te doen. Want die eienaar weet presies waarvoor hy sy dienaar wil gebruik en wys hom presies wat hy moet doen. Daarom wil 'n dienaar graag luister na sy eienaar, want hy wil aan sy eienaar behoort en deur sy eienaar gebruik word.

Ons is die Here se beeld: Hy maak ons met die gawes om vir hom te kan werk en dan gebruik Hy ons vir alles waarvoor Hy ons nodig het. Ons is die Here beeld: ons luister na wat Hy vir ons sê wat en hoe ons moet werk want ons wil aan die Here behoort en wil deur die Here gebruik word.

**4.Ongelowiges draai God se beeld om.**

Kyk weer na die beeldjie van Timoun!

Ongelowige mense sê dat hulle God in hulle lewe uitbeeld. Jy moet na hulle kyk en dan moet jy God in hulle lewe raaksien.

Wanneer hulle God op hierdie manier uitbeeld, dan moet jy weer nie na die beeld kyk wat hulle vir jou wys nie. Jy moet kyk na die hand wat die beeld vashou.

Wanneer ek sê jy moet God binne in Timoun se gesiggie raaksien, Timoun se gesiggie is God se beeld, in wie se hand is God se beeld?

Dit is 'n geheim wat jy in die Bybel moet raaksien: wanneer jy God met jou gesiggie en jou lewe uitbeeld, dan is God mos jou beeld wat jy uitbeeld. En wanneer God jou beeld is, in wie se hand is God se beeld dan?

Dan is God se beeld in jou hand!

Ongelowige mense draai God se beeld. Hulle maak God die beeldjie wat ons in ons hand het sodat God se gesiggie in ons gesiggie of lewe moet wys.

**5.God word gebruik vir alles wat mense begeer.**

Kyk hoe wys die Bybel ons hoe mense God gebruik vir hulle begeertes!

**2 Tim. 4:** Hulle sal hulle eie begeertes volg en vir hulle leermeesters bymekaarmaak wat net sal sê wat hulle graag wil hoor. [4]Hulle sal die waarheid nie wil hoor nie en hulle tot verdigsels wend."

Hierdie leermeesters wat mense soek is dominees. Hulle soek dominees wat vir hulle sê God wil al hulle begeertes vir hulle waarmaak.

As jy graag geld wil hê, sal God vir jou ryk maak.
As jy graag reën wil hê wanneer en soos jy wil, sal God dit laat reën net wanneer jy wil en soos jy dit wil hê.

As jy gelukkig wil wees, sal God jou die gelukkigheid gee wat jy graag wil hê.
As jy verlief is op iemand sal God daardie persoon op jou ook verlief maak.
As jy graag sterk en mooi wil wees, sal God jou sterk en mooi maak.
As jy graag iets wil doen wat verkeerd is sal die Here vir jou ’n toegewing maak en saam met jou maak asof dit nie regtig verkeerd is nie.

Wat leer hierdie dominees die mense?

Jy kan God gebruik vir enige begeertes en God sal jou begeerte waarmaak. Want hulle glo God is hulle beeld en hulle kan God gebruik net waarvoor hulle Hom wil gebruik.

**6. Jy moet Jesus aanstel as die Here van jou begeertes.**

Wat leer hierdie soort dominees mense oor Jesus?

Hulle leer jy moet Jesus aanstel as die koning van jou lewe! Jy moet Jesus koning van jou lewe en jou hart maak!

Kan julle sien hoe draai hulle die beeld verkeerd?

Is dit die Here wat ons aanstel deur die gawes waarmee Hy ons maak om die aarde te bewerk as sy dienaars of is dit ons wat die Here aanstel as koning van ons hart en ons lewe?

Dit is die Here wat ons aanstel om vir Hom die aarde te bewerk. Daarom is ons sy beeldjie wat Hy maak soos Hy ons wil hê en waarvoor Hy ons wil gebruik

Maar hierdie dominees draai die beeldjie om: hulle leer dat jy Jesus moet aanstel as koning van jou hart en jou lewe en dan kan jy die Here gebruik om jou begeertes vir jou waar te maak.

Hulle leer mense dat Jesus is die dienaar van jou begeertes – jy moet Hom net die koning van jou hart en lewe maak.

**7.Jesus maak Homself koning en sy dienaars luister na Hom.**

Kyk wat leer die Bybel oor hoe Jesus Koning gemaak is! Hand. 2: [32]God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies. [33]Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort.

God het Jesus uit die dood laat opstaan. Dominees of mense het nie Jesus uit die dood laat opstaan nie. God het Jesus aan sy regterhand verhoog om Koning van alles en almal te wees. Niemand anders maak Jesus oor iets anders koning nie.

Jesus se kinders gehoorsaam Hom as koning omdat Hy hulle gebruik waarvoor Hy wil. Ongelowiges stel Jesus aan as die koning van hulle hart en lewe sodat Jesus die dienaar van hulle begeertes kan wees.

Gesels 'n bietjie in die klas: watter een is regtig en watter een is speel-speel: God wat ons aanstel as sy dienaars omdat Hy Homself Koning gemaak het

of

Mense wat Jesus aanstel as koning?

Watter een is regtig en watter een is speel-speel: Die Here wat ons gebruik om die aarde te bewerk of mense wat Jesus wil hulle begeerte gebruik?

Hoekom mag ons nooit Jesus koning van ons hart of lewe maak nie? Want Ons stel Hom nooit aan as dienaar van ons begeertes nie. Hy sel ons aan as dienaars om sy aarde te bewerk.

Ons is die Here se beeld. Hy is nie ons beeld nie.